# Die betowerde verfkwas

Storie deur Wendy Hartmann
Illustrasies deur Jiggs Snaddon-Wood

Daar is ’n land ver, ver hiervandaan, wat China genoem word. Eendag het daar in hierdie ver-ver land ’n jong seun gewoon. Sy naam was Ho. Ho was arm, maar hy het’n baie goeie hart gehad. Hy moes hard werk om genoeg geld te verdien om kos te koop.



Maar al was Ho arm, het hy altyd ander mense gehelp waar hy kon. Ho het ook graag geskilder – as hy enige vrye tyd gehad het, het hy geskilder.

Een nag droom Ho dat ’n ou man vir hom ’n betowerde verfkwas gee.


“Jy het ’n goeie hart,” sê die ou man in sy droom. “Ek sien jy hou daarvan om te skilder. Hier is ’n betowerde verfkwas. Ek wil hê jy moet my belowe jy sal dit gebruik om mense te help.”



Toe Ho wakker word, vind hy die betowerde verfkwas langs hom.

“Sjoe,” sê hy verbaas, “ek het gedink dit was maar net ’n droom.”

Van daardie dag af gebruik Ho die verfkwas wanneer ander mense hulp nodig het.



“Ho,” roep die mense op die lande. “Daar is nie meer water in ons put nie, maar ons moet ons plante natlei.”

Dan skilder Ho vir hulle ’n rivier. Soos hy skilder, word die rivier al langer en die mense kan hulle plante natlei.

Toe sien Ho dat die mense sukkel om die grond te bewerk, en hy skilder ’n koei en ’n ploeg om hulle te help. Elke keer as hy sien iemand het hulp nodig, gebruik hy sy verfkwas. Gou weet baie mense van Ho en sy betowerde verfkwas.

’n Rukkie later hoor ’n ryk man van die verfkwas. “Daardie verfkwas sal myne wees,” sê hy en beplan hoe hy dit gaan steel. “Ek sal so baie geld maak dat ek die rykste man in die hele land sal wees.” Die volgende dag laat roep hy vir Ho.



“Ek wil hê jy moet vandag my koeie oppas,” sê hy.

“Vanaand sal ek jou goed betaal.”

Ho is bly en pas die ryk man se koeie op. Maar dié aand word hy in die tronk gegooi in plaas daarvan om betaal te word, en sy betowerde verfkwas word weggeneem.



"Hy het een van my koeie gesteel," jok die ryk man.

"Hierdie verfkwas sal my vergoeding wees vir wat hy gedoen het." Uiteindelik, dink hy, is die betowerde verfkwas myne.

Die ryk man nooi al sy vriende na sy huis toe. "Kom sit en kyk 'n bietjie hierna," sê hy. Toe skilder hy baie prente met die betowerde verfkwas. Almal wag en wag .... en wag, maar nie 'n enkele prent word lewendig nie.

"Wat gaan aan?" skree die ryk man vies. "Gaan haal vir Ho en bring hom hierheen!"

Ho word na die ryk man gebring. Maar teen hierdie tyd besef Ho die man is selfsugtig en wreed.

"As jy vir my prente skilder," sê die ryk man, "en hulle word lewendig, sal ek jou betaal en jou vrylaat."



Eers weet Ho nie wat om te doen nie. Toe kry hy 'n blink gedagte. "Ja, ek kan dit doen," sê Ho.

"Heel eerste moet jy vir my 'n REUSAGTIGE berg van goud skilder," sê die ryk man. "Ek wil al die goud bymekaarmaak."


Ho tel sy betowerde verfkwas op en skilder 'n see. Dit maak die ryk man baie kwaad.

"Waarom het jy 'n see geskilder? Ek wil nie 'n see hê nie. Ek wil 'n berg van goud hê. Maak gou en skilder waarvoor ek vra."

Toe skilder Ho 'n berg van goud aan die ander kant van die see. "Jy sal oor die see moet vaar om daar te kom," sê Ho.


"Skilder dan vir my 'n groot skip sodat ek oor die see kan vaar," beveel die ryk man.

Ho glimlag en skilder 'n groot skip. Hy is skaars klaar toe spring die ryk man op die skip. Sy familie en vriende skarrel ook gou aan boord en hulle seil weg.



Ho hou hulle goed dop. Hy wag totdat die skip in die middel van die see is, en toe skilder hy 'n groot golf. Die golf pyl op die skip af. Toe dit naby is – BOEM! – spoel dit oor die skip en breek die skip in 'n duisend klein stukkies.

Daarna het Ho gelukkig gelewe. Hy het genoeg kos gehad om te eet. Hy het mense gehelp wanneer dit nodig was en hy het soveel prente geskilder as wat hy wou.



Soms het hy oor die see na die berg van goud gestaar. Niemand het daarheen gevaar nie, want daar was niks nie, net goud. Wel … daar was niks nie behalwe goud, die wrakstukke van 'n skip en 'n woedende ryk man, sy familie en al sy vriende.

## WEES KREATIEF!

Moedig jou kinders aan om die boer en die diere in die storie uit Plasticine of speeldeeg te maak. Lees dan weer die storie hardop terwyl die kinders hulle Plasticine-/speeldeeg-karakters gebruik om die storie op te voer.

# Die betowerde verfkwas

Storie deur Wendy Hartmann • Illustrasies deur Jiggs Snaddon-Wood

## Visueel

Hierdie storie speel in China af. Kyk na 'n wêreldkaart en vind China daarop. Vind dan die land waar jy woon. Is jou land groter of kleiner as China? Is dit naby China of ver daarvandaan? Hoe sou jy daarheen reis?

## Lees

Word 'n storiespeurder! Vind die woorde in die storie wat vir jou sê dat

- Ho 'n gawe persoon is
- die toorkuns in die verfkwas nie vir die ryk man gewerk het nie
- die ryk man gretig was om by die berg van goud uit te kom
- Ho nooit die betowerde verfkwas gebruik het om homself ryk te maak nie.

## Skryf

As jy 'n betowerde verfkwas gehad het soos Ho, watter prente sou jy skilder om ander mense te help? Deel 'n vel papier in twee kolomme. Skryf in die eerste kolom 'n lys van die prente wat jy sal skilder. Skryf in die tweede kolom die hoofrede hoekom jy elk van die prente sal wil skilder.

## Handwerk

Gebruik speeldeeg of klei om 'n 3D-weergawe te maak van een van die prente wat Ho geskilder het.

## Speel toneel

Vertel jou eie storie oor 'n betowerde verfkwas. Hoe lyk dit? Watter spesiale dinge kan dit doen? Aan wie behoort dit?